# Poppekas: Bewusmaking van Seksuele Molestering

## Inleiding:

Vandag gaan ons vir Minky die apie ontmoet. Sy kry 'n klomp snaakse karakters in die woud. Hulle wil graag aan haar vat, maar Minky weet dat dit nie reg is nie, want dis haar lyfie.

## Om die toneel op te stel

Minky die apie is besig om buite te speel met al haar maatjies. Hulle speel wegkruipertjie. Dis Minky se beurt om weg te kruip. Hulle kry haar altyd, maar hierdie keer besluit sy om weg te kruip op 'n plek waar niemand haar sal vind nie. Ongelukkig verdwaal sy en terwyl sy probeer om by haar huis uit te kom, ontmoet sy 'n paar snaakse karakters.

### Pieter Beer (Kom op)

Hello Minky, Jou stertjie is darem maar lank en sag

As jy my toelaat om dit te kielie, sal niemand vir jou lag

Asb net 'n bietjie, ek sal vir jou 'n liedjie sing

En niemand hoef te weet van hierdie ding.

**Minky skree hard**: Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee!

(Minky hardloop 'n entjie weg. Pieter Beer beweeg af. Minky stap verder en lyk verdwaal.)

### Willie die Hond (Kom agter Minky op)

Hi Minky, Ek is jou vriend,

Mag ek jou oulike ruggie krap?

Ons kan na die parkie draf,

As jy sê ek mag, belowe ek om nie te blaf.

**Minky skree hard**: Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee! Minky kyk na die gehoor.

**Minky sê**: Maatjies, kom help my dan skree ons dit weer. Een, twee, drie! Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee!

(Willie die Hond hardloop weg.)

## Otjie Vark (Kom op)

Hi Minkie, mag ek kyk vir vlooie op jou magie?

Ek is 'n nuuskierige agie.

Ek sal saggies werk en ek stink nie.

Dan koop ek vir jou 'n koeldrank, wil jy nie iets hê om te drink nie?

**Minky vra die gehoor**: Maatjies, wat sê ons?

**Minky skree hard**: Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee!

(Otjie skrik en duik weg)

Minky stap 'n entjie aan. Skielik is Harold die Hoender voor haar.

## Harold die Hoender

Minky, wees my maatjie en kom lê hier langs my neer,

As ek aan jou kan vat sal ek 'n goue eier vir jou gee,

Dit gaan lekker wees, jy sal sien.

Ek is seker jy wil graag die goue eier verdien.

**Minky skree hard:** Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee!

(Harold kraai en gaan af. Mienkie gaan sit en lyk nou vreeslik bang.)

## Kietsie kat (Kom op terwyl hy purr.)

Ek is vriende met jou Pappa,

Kom ek soen jou gou in jou nek.

Kom ons gaan daar agter die bos,

dis die regte plek. Dit sal nie 'n kolletjie

los nie, nie eens 'n merk. Daarna kan ons gaan

kuier by Pietie Perd.

**Minky skree hard**: Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee!

(Kietsie stap vinnig weg)

**Minky die apie se Pappa (kom op)**

Hallo Minky, waarheen het jy verdwyn?

Ons het oral vir jou gesoek, maar jy het nêrens verskyn.

Kom gee vir my 'n drukkie, dan hou ek jou vas vir 'n rukkie.

Ek wil nie dat jy weer hier rondloop alleen,

Hier is baie vreemde diere hier om ons heen.

**Minky die apie (Hardloop na haar pappa)**

Natuurlik kan jy my 'n drukkie gee,

Jy is my enigste,

Jy is my Pappa.

En ek is jou Minky.

Pappa en Minky stap af.

# Opsomming:

- Maatjies, dink julle dit was reg van die diere om Minky te vra om aan haar lyfie te vat?
- Was daar tye wat julle dalk bang was vir van die diere?
- Ek wil vandag vir julle ietsie vra.

As iemand dalk aan jou gevat het op 'n manier waarvan jy nie hou nie, moet jy 'n grootmens gaan vertel. Of selfs as hulle net vra en julle soos Minky nee sê. Dan moet julle steeds gaan vertel. Daar is sekere plekke waar niemand mag vat nie.

Hoe gaan ons weet waar? Kom ek help julle. Wie hou van swem? En wat trek ons aan wanneer ons gaan swem? So oral waar jou swemklere toemaak is waar iemand nie mag vat nie, en dit noem ons ons privaat dele, want niemand anders mag daar vat nie.

Kom ons kyk gou. (Wys die prentjies van die dogtertjie en seuntjie in hulle swemklere.)

- Waar sien ons maak die meisie se swemklere toe?
- En waar maak die seuntjie sin oral toe?
- So as iemand probeer om daar te vat, of wil hê dat ons aan hulle s'n vat, wat gaan ons maak?
- Kom ons sê wat Minky gesê het.
- **Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, nee!**

**Ons het hierdie webtuiste gevind waar daar oulike patrone is vir 'fingerpuppets'.**

**http://www.larissaanotherday.com/2010/09/old-macdonald-puppet-tutorial-and.html**





